

F.I.J. van Rensburg

Van Wyk Louw en sensuur

Abstract

Within the framework of the debate sparked off by the recently declared State of Emergency, with its curbs on freedom of expression especially of a political nature, the author investigates the role played by N.P. van Wyk Louw in his attempt to prevent the imposition of curbs on freedom of expression in the literary field. Louw's challenging article, "Sensuur of pornografie?" written in 1947, when the idea of a system of local publications control was put to the government by a representative delegation headed by prominent church leaders, is taken as point of departure for this investigation. In this article Louw warned against the imposition of a censorship board for local publications. The main arguments of his manifesto are discussed and evaluated. A number of inconsistencies in it are pointed out, evaluated and put into perspective. These inconsistencies are shown to have been brought to the fore more vividly by concrete events in later years, especially round about the imposition of the Publications Control Board (1963). As an essentially purely theoretical document, "Sensuur of pornografie?" could not foresee what would happen in the field of concrete actions and reactions, not the least that Van Wyk Louw himself would accept the Board. Despite this, the article remains a classic on the theme of free, responsible expression.

Terwyl sensuur op die oomblik weer 'n belangrike besprekingspunt in die gemeenskap is, kan dit van waarde wees om op dié aspek van Van Wyk Louw se werk te konsentreer, omdat dit bekend is – helder-bewus of slegs vaagweg – dat Van Wyk Louw vir een van die belangrikste rekenskappe hier te lande i.v.m. sensuur verantwoordelik was. In dié verband word gedink aan sy prinsipieel-gefundeerde opstel van 1947 onder die titel "Sensuur of pornografie?" waarin hy 'n saak probeer uitmaak het teen die totstandbrenging van 'n beheerliggaam vir binnelandse publikasies wat op daardie tydstip deur 'n kerklike afvaardiging by 'n regeringsminister bepleit is.

Hoewel hy hom op heelwat ander plekke in sy werk oor sensuur uitgelaat het, of op indirekte wyse aspekte van die verskynsel ter sprake gebring het, is “Sensuur of pornografie?” sy manifes oor die saak, indien ’n mens so ’n deur en deur besinnende en sinryke betoog ’n “manifes” kan noem.

Gedagtig aan hierdie sentrale posisie van die stuk in sy denke oor dié aangeleentheid, en die baie stof wat in sy werk daarvoor voorhande is, kan dit sinvol wees om alles wat daaraan voorafgegaan en alles wat daarop gevolg het, dié punt te sentreer, met ander woorde om (uiteraard beknopt) aan te dui hoe die ander stukke òf eksplisiete of implisiete *voorbereiding* daarvoor òf *uitvloeisel* daarvan was.

Afgesien van hierdie natuurlike konteks, is daar ook ’n ander konteks wat ’n mens in gedagte moet hou. Die stuk kom uit sy werk as geheel voort, word deur die totale gees daarvan gedra. Die relevansie van hierdie “gees van sy werk” moet dus kortliks aangedui word. In die lig daarvan word bepaalde aspekte en klemleggings van sy betoog duideliker as wat hulle reeds op hulleself is.

1 Sleutel tot sy sensuursiening

Die sentrale strukturerende beginsel in sy werk, wat na aanleiding van ’n konsep wat hyself gemunt het, sy “intellektuele houding” genoem kan word (Van Rensburg, 1975:1–26), is ’n hartstog vir volheid, en, direk daarmee verbandhoudend, in feite daaruit voortspruitend, ’n afkeer van eensydigheid. In hierdie samehangende begripstaar is myns insiens die sleutel tot Van Wyk Louw se sensuursiening geleë.

Mens en wêreld is in Van Wyk Louw se werk ’n ryk, wonderbaarlik bestel. Dis onoorsienbaar en onuitputlik, nie alleen in sy skynbaar ordelose rykdom en veelkantigheid nie, maar ook in sy geordenheid as hiërargies-samehangende “sisteem”. ’n Enkele aanhaling uit sy Amsterdamse intreerede om dit te illustreer:

Daar is die groot anorganiese magte – die “natuur” in sy aspek van melkweg, sonnestelsel en planeet; die lewe van plant en dier; die nóg ryker geskakeerde individuele lewe in homself en ander, die heerlike spel van liefde en haat, verlange en strewe, vrees en pyn; daar is die wêreld van mense: gemeenskappe, groepe, volke, geweldige magte om hom; daar is die ryk van die waardes, nóg vreemder, verstrengeld, verward, gespanne, vol botsings en onsekerheid, aanvaar, betwis, verwerp . . . (1986(b):424)

Uit hierdie ryk heelal kan, en moet daar derhalwe, niks weggeneem word nie. Elke rang van die werklikheid moet in sy volle krag gehandhaaf word. As dit nie gebeur nie, het ’n mens op een of ander manier ’n eensydige bestel, omdat ’n polêre makker van iets anders verwyder is. Daarom sluit *Lojale verset* met hierdie sin af, wat die laaste van ’n aantal riglyne vir “’n lewenshouding vir ’n

moderne mens” bevat: “... ’n slaaplose agterdog teen alle stelsels of intellektuele konstruksies wat die spannings en die tragiek van die heelal wil wegredeneer of oplos” (1986(a):172). Let op: selfs *oplos*.

Sensuur is in die grond ’n torring aan hierdie gawe, wondere geheel.

2 Vryheid en beperking

In die stukke wat hy van die begin tot en met “Sensuur of pornografie?” geskryf het, het hy die klem veral laat val op die taak van die kunstenaar om dié vol, ryk heelal te beeld, en op die vryheid wat hy daarvoor nodig het. Hy moet nie ingeperk word op een van die vele maniere waarop dit kan gebeur nie, d.w.s. nie net van die kant van die staat (deur middel van wetgewing) nie, maar ook van dié van die morele wet. Miskien is die stuk “Onderhoud per brief” in sy vroegste gepubliseerde prosabundel, *Berigte te velde* (1939:28–29), kenmerkend van alles wat hy in die jare voor 1947 oor vryheid en beperking geskryf het sonder om sensuur direk by die naam te noem. Dis ’n antwoord op die vraag van ’n tydskrifredaksie: “Is ons letterkunde ouderwets?”, waarvan die slotparagrafe van sy antwoord soos volg lui:

Ons hoef geen literatuur te kry wat ‘gewaagde’ dinge sê nie; alle groot literatuur is gewaagd, selfs wanneer dit oor die mees alledaagse dinge handel, want die kuns is die ding wat die gevaarlike in die lewe blootlê.

Ons is nie ouderwets omdat ons nog nie ‘geslagtelike dinge openlik behandel nie’, en ons sal nie ‘modern’ word as ons dit wel doen nie. Die dinge wat gewoonlik gewaagd genoem word, het as sodanig niks met die literatuur te doen nie. Daar is niks, maar ook hoegenaamd niks van alles wat die mens doen, wat in die literatuur nie genoem kan word nie, daar is geen woord in ’n taal, hoe gemeen ook, wat daar nie kan ingaan nie; maar dit is alleen eerbied teenoor die lewe wat hierdie dinge tot groot literatuur kan omskep.

Die kuns is nie partydig vir enigiets in die wêreld nie en weet maar min van die gewone ‘goed’ en ‘kwaad’. Om die dinge wat ‘taboe’ in die alledaagse lewe is, vir sensasie te gebruik, is om buitekant die literatuur te staan. Of daar nie ’n wye wettige soewereiniteit vir pornografie daarbuite lê nie – dit bespreek ek nou nie; maar in hierdie randgebiede is daar waarskynlik ander talente, buiten die literêre, waardevol.

Soms ook moet ‘piëteitshalwe’ – uit piëteit teenoor die geweld van die lewe self – die bitterste en gevaarlikste dinge genoem word. Dan noem die kuns hulle. En in die vlam van skoonheid word alles self ook vlam. (1986(a):28/29)

3 Beginsels vir diskussie

Dit bring 'n mens dan by die stuk van 1947 (1986(a):396–408).^{*} Die aanleiding tot die skryf daarvan het ek reeds aangedui. 'n Kerklike afvaardiging op hoë vlak het aan die destydse minister van Binnelandse Sake eksemplare van boeke en tydskrifte voorgelê wat na die mening van die kerk 'n onsedelike strekking het, en het die minister gevra om 'n sensorraad in die lewe te roep met die doel om dergelike geskrifte wat in Suid-Afrika uitgegee word, te verbied.

Van Wyk Louw se doel met die skryf van die artikel is nie in die eerste plek om die voorstel van die afvaardiging te bestry nie, maar om die beginsels wat daaraan ten grondslag lê, onbewus en onuitgespel soos hulle mag wees, vir redelike diskussie in die openbaar bloot te maak. Die intellektuele mens, sê hy, het immers hier te doen “met iets wat aan die wortels van sy bestaan raak” (397); maar ook die breë gemeenskap het 'n wesenlike belang hierby, sy dit op 'n meer verwyderde vlak.

Twee beginsels is volgens hom hier op die spel: “1. die taak van die godsdienste om te stry teen die sondige in die mens, en 2. die taak van die kuns om die lewe so *volledig* en so *waar* as hy kan, uit te druk.” Albei beginsels is “goddelik in (hul) oorsprong”, en “lê in die wese van die dinge” (398).

Oor die taak van die godsdienste om teen verdorwenheid te stry, heers daar volgens hom in Suid-Afrika geen groot onduidelikheid nie. Elke poging tot openbare onsedelikheid “stuit nog op 'n oerkrachtige Christelikheid” (398), en met die kerke in hul stryd teen onsedelike literatuur “sal 'n magtige openbare mening saamgaan”.

Elke reggeaarde mens keur dit goed dat ons land nie deur 'n goedkope en gekommersialiseerde seksualiteit, die oorskiet van 'n groot buitelandse taalgebied, oorstrom word nie. (399)

Oor die taak van die kuns en die vryheid van meningsuiting val daar egter nog heelwat by ons te sê. Hul belangrikheid blyk daaruit dat “die glorie van 'n land” nie in sy miljoenemassas of die rykdomme van sy bodem lê nie, maar in “die rykdom aan menslike ervaring wat hy in sy kuns kon vaslê” (399); en: die persoonlike vryheid, hoe gevaarlik dit ook al mag wees, is die enigste bodem waarin 'n ryk geestelike lewe kan groei.

Dit is nie 'n pleidooi vir onbeperkte kunstenaarsvryheid nie. “Om bloot en alleen ‘vryheid’ te roep, kom neer op 'n eis dat een van die noodsaaklike spannings uit die wêreld verwyder word (dit sou dus 'n vereensydiging wees – F.I.J. v. R.). Niemand kan bloot ‘vry’ wees nie; en die kunstenaar begeer allermins vir homself so 'n abstrakte vryheid. Nie alleen is hy gebonde aan die wette van sy kuns nie, maar ook as mens is hy gebonde aan alle wette”.

^{*}By alle aanhalings na punt 3 verwys bladsynommers tussen hakies na Louw, N.P. van Wyk. 1986(a). *Versamelde prosa 1*. Kaapstad: Tafelberg. By afsonderlik aangehaalde werke van Louw word die publikasiedatum tussen hakies aangedui.

Laasgenoemde moet alleen nie die geaardheid van “’n blote mag van buite” hê nie. Die kunstenaar moet met hulle kan “praat” (399).

Die twee stelle wetmatighede verkeer in ’n onvermydelike spanning met mekaar – ’n mens het selfs iets van ’n vermoede dat hulle, in ’n onvolmaakte wêreld, noodwendig moet bots. Die intellektueles moet egter sorg dat daar in debatte oor die saak nie skewe teenstellings teenoor mekaar staangemaak word nie, byvoorbeeld

- ’n teenstelling van kerklike pressie-groep en liberale pressie-groep;
- ’n teenstelling van suiwer godsdiens en “vuil” literatuur;
- ’n teenstelling van vrye literatuur en gepoogde kerklike dwingelandy.

Die intellektueel se taak is dus “om te sorg dat dit geen stryd tussen twee halwe waarhede word nie – of voorgestel word as ’n stryd van ’n hele waarheid bloot teen ’n halwe waarheid nie” (400).

Vervolgens toon hy aan dat die kerklike afvaardiging se voorstel byna onvermydelik *preventiewe sensuur* impliseer, in die lig van die onmoontlikheid om agterná-sensuur suksesvol te implementeer. Preventiewe sensuur is die gevaarlikste van alle sensuurvorme.

Om die gevaarlikheid en ontoereikendheid van sensuur te illustreer, toets hy dit aan ’n konfrontasie daarvan met pornografie.

Self beskou hy pornografie as “’n wanvorm van die kuns” en dat dit verderflik is, hoewel nie so verderflik as wat “goeie mense soms vrees nie” (406). Volgens hom is dit hoofsaaklik geperverteerdes en impotentes wat dit as prikkel gebruik; by normale mense, veral gesonde jongmense, “is dit byna nie in aanvraag nie” (402).

Wat egter belangrik is, is dat dit ernstig betwyfel moet word of ’n offisiële, deur die staat ingestelde liggaam soos ’n publikasieraad in staat is om ’n kunswerk en ’n pornografiese geskrif van mekaar te onderskei. As ’n owerheidsinstansie hom gevolglik met dié soort oefening besighou, gee dit onvermydelik “onnoemlike skade vir die hele kuns en die hoër geestelike lewe” af (402).

In dié verband vind hy dit nodig om die posisie van die bose in die kuns te belig.

Die kunstenaar kan nie die bose in die lewe ontwyk nie. Dis deel daarvan, en sy taak is, soos gesê, om die lewe te toon soos wat dit is; om te sê: “So is die lewe” (402). Die bose het eenvoudig ’n aantreklikheid in die lewe, en die kuns sal, as hy lewenseg wil wees, ook hierdie aspek in hom neerslag moet laat vind. Hy sal die bose ook by sy naam, by sy véle name, moet *noem*. Besware teen “onkiesheid van woordgebruik” in die kuns hou gewoonlik nie daarmee rekening dat dit in sulke gevalle gewoonlik nie gaan om *onsedelikheid* nie, maar om *onkiesheid*, en kiesheid of fatsoen is iets wat nie ewig en onveranderlik is nie, maar met die tyd wissel. Om te meen dat ons eie tyd se

taalgebruik die maatstaf vir alle kuns behoort te wees, is 'n arrogansie. Dis 'n "tydsprovinsialisme", soos hy dié soort opvatting meermale in sy werk tipeer.

Volgens hom is dit dus "feitlik onmoontlik om literatuur volkome van pornografie te skei" (404). Wie dit wil doen, sal oor bykans bomenslike vermoëns moet beskik. Hy glo nie dat "'n enkele letterkundige wat werklik insig het", gewillig sal wees om in 'n sensorraad te dien wat hierdie taak moet behartig nie (404).

Sy slotsom is dat die literatuur in sy hart aangetas word deur elke vorm van staatlík-administratiewe sensuur, waarby hy dus "die sensuur van die algemene morele oordeel" waaronder die skrywer altyd werk, uitsluit (405).

'n Belangrike feit wat nie uit die oog verloor moet word nie, is dat sensuur dikwels alleen dinge verbied wat *op die oog af* onsedelik is, maar dat dit onmoontlik is om alle boeke vol slap, soms walglike sentimentaliteit te weer. "Daardie soort sentimentaliteit is juis die kanaal wat gevind word deur die verdronge of bedekte (seksuele) drifte. Daar is baie boeke wat by ons verskyn wat deur geen sensuur verbied kan word nie, maar wat ek as deur en deur verderflik beskou" (406).

Sensuur is 'n gevaar vir alle literatuur, maar veral vir die Afrikaanse. Dit kan onder meer daartoe lei dat die Afrikaanse boek daar op die duur soos die gemiddelde rolprent sal uitsien – sonder lewensegtheid.

Sy betoog, sê hy, moet op generlei wyse beskou word as 'n verdediging van "'n abstrakte vryheid wat bandeloosheid moet bedek nie" (407). Die kunstenaar is nie gevrywaar van vervolging nie, maar dan moet dit geskied in 'n vrye hof waar hy sy saak kan stel.

Op die vraag wat 'n instansie soos die kerk moet doen as hy en sy lidmate met onsedelike leesstof gekonfronteer word, antwoord hy:

(Daar is) vir die godsdiens geen ander pad oop as die godsdienstige pad nie: werking van binne af, die wakkermaak van die gewete, oorreding . . . en as dit daarop aankom, die voorbeeld van die martelaar liever as die mag van die wêreldlike gesaghebbende. Laat die godsdiens hom verweer deur eie skeppende werk, deur openbare kritiek, deur aanval, deur waarskuwing en deur afraaiing. As 'n kerk vertrou dat hy 'n houvas op sy mense het, laat hom selfs 'n lys van boeke opstel wat hy sy lede verbied om te lees; laat hom toneelstukke eerlik vanuit godsdienstige standpunt kritiseer en die dinge aantoon wat na sy mening nie met die godsdiens strook nie; laat hom selfs daarvoor ywer om die lasterwet te verander as dié hom miskien verbied om die bywoning van 'n bepaalde stuk of die lees van 'n bepaalde boek af te raai; laat hom sy oortuiging en krag met alle middels van die gees toon; maar laat hom nooit meen dat 'n sonde wat nie begaan word, bloot omdat daar geen geleentheid toe is nie, die karakter versterk nie. (408)

Tot so ver die artikel. Dis een van die mees diepgaande, verantwoordelike beredenerings van 'n belangrike openbare aangeleentheid wat daar nog by

ons was. Dit het tereg 'n klassieke stuk op dié gebied van alles wat hier te lande oor sensuur geskryf is, geword.

4 Inkonsekwensie by Van Wyk Louw?

Daar is egter 'n paar inkonsekwente elemente in sy betoog, wat nadere bespreking vra. Dit gaan onder meer om onversoenlikhede tussen argumentsonderdele; onversoenlikhede wat plek-plek selfs die geaardheid van logiese botsings het; stellings wat belangrike implikasies vir die betoog het maar wat in die lug laat hang word; en stellingnames wat in die loop van die tyd deur die werklikheid agterhaal is, en ten opsigte waarvan 'n verandering van posisie nodig sou word.

'n Mens sou dit kon toeskryf aan die feit dat hy in hierdie artikel net die *beginsel* van sensuur wou bespreek, los van enige konkrete omstandighede, wat volgens hom die debat sou vertroebel (ten spyte van die feit dat hy herhaaldelik na konkrete omstandighede, en meer spesifiek Suid-Afrikaanse omstandighede, verwys). Die ware toets vir 'n beginsel kom egter wanneer dit met die konkrete praktyk gekonfronteer word. Dié toets sou in die loop van die tyd kom, en daaruit sou dit blyk hoeveel van die gedagtes en konsepte wat hierin aan die orde is, nie die mas kon opkom of die fort kon hou nie en deur die werklikheid gedwing is om gewysig te word. Laasgenoemde feit moet terloops 'n waarskuwing wees om nie net op hierdie stuk te steun vir 'n bespreking van wat Van Wyk Louw se totale verhouding tot sensuur was nie.

Ek noem enkele van hierdie inkonsekwensies van die artikel, en betrek in die bespreking daarvan ook die stukke wat Van Wyk Louw daarna geskryf het.

4.1 Verhouding estetie: eties

Die belangrikste inkonsekwensie staan in verband met sy siening van die verhouding van die estetiese en die etiese, veral soos dit uit sommige van die implikasies daarvan blyk.

Van Wyk Louw se lewensvisie as kunstenaar is wesenlik 'n estetiese, nie 'n etiese nie (in die sin waarin Kant die estetiese avontuur tipeer, te wete as een van “interesseloses Wohlgefallen”). Die begrip “bose” kom wel by hom voor – inderwaarheid is dit een van die groot temas van sy poësie – maar die bose is vir hom wesenlik 'n ontiese begrip, nie 'n etiese nie. Sy tipering van bepaalde verskynsels in die menslike lewe as “verderflik”, “walglik”, selfs “smerig”, bots dus met hierdie ontiese siening; gevolglik ook met wat hy in die vroeër-aangehaalde slotsin van *Lojale verset* (172) gesê het en wat hy daarmee impliseer ('n spanning in die heelal mag selfs nie *opgelos* word nie). Verskillende uitlatings in sy werk, pertinent ook in “Sensuur of pornografie?”, klop as gevolg hiervan nie met mekaar nie, en is vir 'n inkonsekwensie in sy oeuvre as 'n geheel en in bepaalde afsonderlike werke verantwoordelik. Daar moet egter bygesê word dat dit 'n inkonsekwensie is wat in die loop van die tyd getemper geraak het, waarskynlik onder invloed van sy toenadering tot die Christendom.

Hy staan in 'n basies estetiese verhouding teenoor die werklikheid, met dieselfde soort welbehag as waarmee God teenoor sy voltooid skieping gestaan en gesien het dat dit “baie goed” was. Van die lewe waarbinne ons elkeen staan, sê hy bv. (in die reeds genoemde “Onderhoud per brief”) dat dit “die werklike Absolute is waarna die wysgere gesoek het” (28). Later kwalifiseer hy dit effens: hy tipeer dit as “waarskynlik” die Absolute.

Die taak van die kunstenaar is om te sê: “So is die lewe” (402). Dis 'n verruklike, maar terselfdertyd 'n uiters moeilike opgawe. Jy moet bereid wees om alles op te offer vir daardie verkenningstogte in die werklikheid, wat jou soms deur die donkerste en digste oerwoude van die syn kan voer. Maar die loon is ook groot. Uit die diepste afgronde trek die digter soms “iets op wat ryk is soos die sin/ van daardie woord van God in die Begin” (“Die ambag II” – 1981:171). Vir sy gemeenskap bring hy kosbare brokke ervaring en insig aangaande wêreld en bestaan terug. So byvoorbeeld betreffende die hiërargiese, dinamiese bou en aard van die heelal, soos aan die einde van “Die swart Luiperd” (1981:155) geformuleer:

geen ding is duister, maar hy glans
of hou sy skittering ingesluit,
en niks is dood, en alles dans
en reik na naamlose dinge uit.

Of, wat “die donker saad van mens-wees” betref, 'n insig soos dié wat Tiberius teenoor Germanicus opper (1956:83):

. . .Die mens wil donker wees,
geslote in sy bloed, vol pyn, vol drang;
en hy sal nuwe smarte vind, verskriklik,
elk vir homself, die veles vir die stil
en enkele helderes soos wat jy is. . .

of dié teenbeeld daarvan in “Groot ode” (1981:331) waarin die aard van menslikheid in kwaliteite soos die volgende gevind word:

. . .bestáán (hoe klein ook), *bly* bestaan
met: juistheid; bietjie trots; en heelwat liefde;
en eindeloos vergiffenis vir áls:
niemand tref dit móóí met die heelal nie. . .

Die kunstenaar “loof” nie alleen die werklikheid nie, maar hy “loon” dit ook ('n gedagte verwant aan Opperman se “engel uit die klip”-siening van die taak van die kuns). Van almal wat 'n uitsig op die werklikheid wil verwerf en die ware aard daarvan wil deurgrond (die wysgeer, die wetenskaplike, die teoloog), is aan die kunstenaar die unieke vermoë gegee om ook iets aan die skieping te “doen”. In die skeppingsoomblik word die oë van die heelal as't ware oopgemaak, word die onbewuste dinge in staat gestel om hulleself in welgevalle te aanskou, gaaf soos hulle aan die begin uit Gods hand gekom

het. (Vergelyk bv. “Aan die Skoonheid” (1981:55) en “Vooraf gespeel” (1981:123). Dis as ’t ware esteties in die kwadraat.

Die etiese daarteenoor is in sy wese onderskeidend, en daarmee saam ook oordelend. Oordeel hou as implikasie ook die moontlikheid van veroordeling in, in watter van die vele vorme daarvan ook al: vanaf genadeloos (bereid, eintlik oorgehaal om “die eerste klip te gooi”) tot mededoënd en begrypend.

Al sou sy estetiese staanplek teenoor die heelal hom prinsipieel nie toelaat om hom oordelend oor die werklikheid, selfs die menslikhee werklikheid, uit te laat nie, val dit tog op dat wanneer Van Wyk Louw dit desnietemin doen, sy houding nader staan aan die laaste van die twee veroordelingspole as aan die eerste (en dit geld reeds van vroeg af, d.w.s. lank voor sy aanvaarding van die Christendom). Meestal skort hy egter ’n oordeel op, maar nie voordat hy die geregverdigde aansprake van die verskillende partye wat in ’n botsing betrokke is, uitgewys het nie. Sy taak bly om aan die einde suiwer te sê: “So is die lewe”, met ander woorde ’n basies estetiese oordeel. Vergelyk byvoorbeeld, as tiperende voorbeeld van dié houding, wat hy in sy voorwoord tot *Windroos* sê nadat hy die groot verskeidenheid vorme wat die seksualiteit tussen mense kan aanneem, ook wanvorme, aangedui het: “Wie is ék om binne die skepping moontlikhede teenoor mekaar af te weeg of uit te speel . . . wat nog te sê: ‘goedkeur’ of ‘veroordeel’?” (1964:6).

Dat hy hom van ’n etiese oordeel weerhou, is natuurlik volkome in ooreenstemming met die gesketste estetiese posisie wat hy ten opsigte van die werklikheid inneem. Maar dan doen dit vreemd aan dat hy aan ’n instansie soos die kerk ’n taak toewys van “bestryding van die bose”, en selfs heel spesifieke aksieprogrammoontlikhede vir hom aandui. Soiets hou tog in dat daar probeer moet word om ’n wesenlike bestaansfaktor (die bose) uit die geheel van werklikheidskomponente te verwyder, en dit beteken: ’n vereensydiging van die werklikheid.

Ten spyte dus daarvan dat hy – onvermydelik onder druk van “die empiriese wolk van getuienis” – allerlei etiese begrippe gebruik en allerlei etiese kwalifikasies by ontiese begrippe aanbring, is die twee groot beginsels wat hy aan die begin van “Sensuur of pornografie?” identifiseer, inderdaad, soos hy dit daar met redelike stelligheid stel, onversoenlik.

Dit doen ietwat vreemd aan dat hy in die loop van die tyd nie voortgegaan het met sy besinning oor die estetiese en die etiese in hul gespanne verhouding teenoor mekaar nie. Hy het wel in twee latere stukke die probleem van die botsing tussen onversoenlikes aan die orde gestel en ’n oplossing daarvoor aan die hand gedoen: in “Verbrand die boeke!” (179–182) en “Letterkunde en wêreldbeskouing” (183–196). Hy stel daarin die vraag hoe dit vir iemand met ’n bepaalde lewensbeskouing moontlik is om ’n kunswerk waarin ’n heeltemal ander lewensbeskouing as sy eie aan bod is, te waardeer. Hy vind die antwoord daarin dat ’n mens “die hoëre abstraksievlak” waarop hulle hul plekke harmonies naas mekaar het, moet probeer vind (193).

Dit gaan in hierdie twee stukke egter om 'n botsing op religieuse vlak (want aan 'n lewensbeskouing lê 'n religie ten grondslag). Die vraag is of so 'n hoëre abstraksievlak ook in die geval van die esteties en die etiek gevind kan word, d.w.s. in omstandighede waar die klem so sterk op die estetiese geplaas word soos by Van Wyk Louw met sy bekende opvatting dat in die kuns alles aan die wette van die Skoonheid onderworpe is. Dat die twee perspektiewe intussen wel harmonies kan saambestaan, dit het onder andere prof. G. Dekker, vir wie Van Wyk Louw groot waardering gehad het, in verskillende teoretiese geskrifte uiteengesit, met as basis en uitgangspunt die siening van die kunswerk as iets wat per definisie nie eties voos kan wees nie, of, vanuit 'n ander hoek gesien: 'n geskrif wat eties voos is, is per definisie nie 'n kunswerk nie. Van Wyk Louw se werk, as 'n geheel gesien, bevestig egter wat hy hier in “Sensuur of pornografie?” as feitlik aksiomaties stel: hulle bots onvermydelik. Selfs sy toenadering tot en uiteindelijke aanvaarding van die Christendom het hieraan niks verander nie. 'n Mens merk wel toenemend hoedat hy die etiese begrip “sonde” as wisselvorm vir die ontiese begrip “bose” gebruik, en hoedat die kloof tussen die etiese en die estetiese as gevolg hiervan vernou, maar tot aan die einde behou die bouse-begrip sy basies *eksistensiële* status by hom. Ook was sy verblyf binne die Christendom waarskynlik te kort om die Paradyslike lid van die drie-eenheid *Skepping – sondeval – Verlossing* met die ander twee te vervolledig.

4.2 Die staat en sensuur

'n Ander inkonsekwensie van “Sensuur of pornografie?” staan in verband met die posisie van die staat in sy verhouding tot sensuur, en wel met die staat as wetsbron.

Dis terloops vreemd dat die staat in hierdie stuk nie werklik tot die basiese faktore of belanghebbende partye wat met sensuur op die spel is, gereken word nie. Die twee fundamentele faktore wat genoem word, is die kuns en die kerk. Die sentraalstelling van die kerk is natuurlik begryplik – dit was 'n kerklike liggaam wat met die voorstel van 'n sensorraad gekom het – maar die voorlegging was tog aan 'n staatsinstansie.

Wat eger opvallend is, is dat die staat nie alleen op dié terloopse wyse in die bespreking betrek word nie, maar dat dit ook op 'n ietwat geringskattende manier behandel word. Die houding teenoor die staat is deurgaans negatief, ietwat skamper. Die staat is 'n lomp hanteerder van kuns sake; dit beskik nie oor die vermoë om tussen problematiese verskynsels op kunsgebied te onderskei nie, byvoorbeeld om die verskil tussen 'n kunswerk en 'n pornografiese geskrif te bepaal.

Dié kwessie hou verband met die “wette” waarna hy verwys en waaraan die kunstenaar volgens hom onderworpe is. Hy noem twee sodanige wette, wat in werklikheid drie is, maar die derde, dié afkomstig van die staat, word prakties geïgnoreer, as 'n soort “vreemde liggaam” in die organisme, maar

wat, juis omdat dit 'n “indringer” is, buitengewone aandag in die stuk ontvang. Hy sê: “Nie alleen is (die kunstenaar) gebonde aan die wette van sy kuns nie, maar ook as mens is hy gebonde aan alle wette” (399). Onder laasgenoemde onderskei hy 'n raps later die morele wet en die staatswet.

Daar word 'n onhelder onderskeiding in die aangehaalde sin getref. Die onhelderheid is in die tweede lid van die teenstellende sin gelê. Sintakties behoort dit so te lui: “. . . maar as mens is hy ook gebonde aan alle wette”, waarvan die (semantiese) bedoeling is: hy is ook gebonde aan ander wette. Dié “ander wette” sluit dan die morele wet en die staatswet in, albei in verband staande met sedelikheid.

Oor die staatswet is hy, soos gesê, skamper. 'n Staatswet is 'n magsinstrument; sy herkoms is die domein van die mag. Vergelyk byvoorbeeld hoe hy oor die verhouding van kunstenaar en staatswet praat: “Vir sy werk as kunstenaar, as ‘maker’, as pionier op die grense van wat-nog-nie-tevore-was-nie, is dit nodig dat hy nie *gebind word deur 'n blote mag van buite* af nie – *'n voorskrif* van ander, 'n wet wat *bloot deur meerderheid van stemme vasgelê* is – maar deur wette waarmee hy op elke oomblik kan ‘praat’, magte wat oopstaan vir die redelike oortuiging dat die nuwe nie noodwendig die bose is nie. Wanneer die kunstenaar hom *ingeperk voel deur 'n onredelike mag*, word hy iets anders as wat hy bestem was om te wees: hy word 'n opstandeling” (399) (my kursivering).

Hy praat hier weliswaar nie van alle staatswette nie, maar net van 'n (op daardie oomblik nog nie bestaande) publikasiewet. Twee vrae dring hulle egter na vore:

- Hoe kom 'n wet in 'n demokratiese staat prakties anders tot stand as “deur meerderheid van stemme”?;
- Het 'n staat die *reg* om 'n wet op publikasies op die wetboek te plaas, byvoorbeeld wanneer dit duidelik geword het dat skrywers hul kuns op groot, selfs georganiseerde skaal misbruik om die sedelike kodes van die gemeenskap af te breek, en wanneer instansies wie se taak (se “goddelike taak”, volgens sy siening) dit is om dit te bestry, hul plig verwaarloos?

Sy hele betoog is daarop gerig om staatlike betrokkenheid by publikasiebeheer te verhinder, maar in die proses is hy onregverdig teenoor die staat, by name so ver dit dié se geregverdigde belang ook by die *sedelike* welsyn van sy gemeenskap betref.

Nou met die onwenslikheid van 'n publikasiewet verbonde is sy (duidelik stellige) twyfel of so 'n wet prakties implementeerbaar is. Hy sê:

Dit moet duidelik wees dat dit feitlik onmoontlik is om literatuur volkome van pornografie te skei. Wie dit wil doen, moet met sekerheid weet dat hy 'n oordeel besig wat bokant tyd en mode staan, en bokant elke moontlike skrywer van sy eie tyd; 'n oordeel waarin estetiese en

morele insig verbind is met 'n intellek wat in elke kunswerk nie alleen die aparte woord, die aparte gebeurtenis raaksien nie, maar wat ook in staat is om elke onderdeel in verband met die geheel, dus die hele *intensie* van die werk te deurskou. (404)

Hieraan voeg hy die volgende toe, wat belangrik is in die lig van wat later gebeur het: “'n Mens kan dus hier 'n groot woord gewysig aanhaal en aan persone wat kans sien om in 'n sensorraad sitting te neem, die uitdaging stel: 'Laat hom wat so kan oordeel die eerste klip gooi!' Ek glo nie dat 'n enkele letterkundige wat werklik insig het, gewillig sal wees om in 'n sensorraad so 'n oordeel oor sy medeskrywers te vel nie” (404).

Toe dit na jare geblyk het dat sy pleidooi in “Sensuur of pornografie?” en verskillende latere stukke in 'n verskeidenheid van publikasiebronne tevergeefs was, en dat die staat geswig het onder die druk van allerlei instansies uit die publiek om 'n publikasiewet op die wetboek te plaas, het Van Wyk Louw iets gedoen wat sy medestanders in die stryd teen die instelling van sensuur op binnelandse publikasies op 'n heeltemal verkeerde voet gevang het: hy het die Publikasiewet van 1963 aanvaar.

Dit het egter nie eenklaps gebeur nie, maar met verdrag.

Terwyl die parlementêre debat oor die voorgestelde wetsontwerp aan die gang was (gedurende die eerste maande van 1963), het hy aan 'n skerp koerantpolemie in *Die Burger* deelgeneem waarin hy persone wat duidelik hul vere aan die regskud was om op die te stigte Publikasieraad te dien, aan die kaak gestel en tereggewys het. In die lig van wat later gebeur het, was dit duidelik dat die opset van sy bydrae tot die debat was om die *verkeerde* soort persone uit die Raad te hou. Sy skerpte in verband met veral dr. Abraham Jonker was opvallend.

Toe die wet, ten spyte van die polemie, aanvaar is, het hy, saam met meer as honderd skrywers, literatore en beeldende kunstenaars, 'n protesskrif gepubliseer waarin hulle die redes uiteengesit het waarom hulle die wet as gevaarlik vir die kuns beskou. Die laaste van die ses punte wat hulle noem, is egter baie interessant. Dit lui: “Aangesien die Wet nou 'n voldonge feit is, kan ons maar net vertrou dat almal wat skeppende werk doen, sal voortgaan om getrou aan hul kuns alleen te wees, en ons hoop dat die beheerraad wat by magte is om daaroor te oordeel, die ernstige taak met alle verantwoordelikheid en eerlikheid waartoe hulle in staat is, sal aanpak” (1963a).

As 'n mens na die lys van ondertekenaars kyk en jy sien wie dit almal onderteken het (onder meer aartsteenstanders van enige vorm van sensuur, soos Nadine Gordimer en Jack Cope), dan beseft jy dat hulle dit waarskynlik alleen gedoen het omdat iemand soos Van Wyk Louw, met sy bekende integriteit van teenstand teen publikasiebeheer, sy weg oopgesien het om dit te onderteken. 'n Mens het 'n sterk vermoede dat hy 'n leidende aandeel aan die opstelling van die stuk gehad het, op die minste aan die formulering en invoeging van die aangehaalde punt.

Intussen, het dit later geblyk, het hy probeer verseker, noudat die wet eenmaal daar was, dat dit deur mense met akademiese en wetenskaplike status en integriteit geadministreer wou word. Hy was, volgens berigte (vgl. Kannemeyer, 1983:223), daarvoor verantwoordelik dat prof. Gerrit Dekker aangewys is as voorsitter van die Publikasieraad, en hy het waarskynlik 'n belangrike aandeel daaraan gehad dat 'n paar van die land se mees vooraanstaande literatore op die Raad aangewys is. In die lig van die besonder simpatieke wyse waarop hy hom in die voorafgaande jare by verskillende geleenthede oor Dekker as gerespekteerde vakman uitgespreek het, bv. by geleentheid van sy sestigste verjaardag ('n radiogelukwensing, opgeneem in 1986:551–553) het sy bemoeienis nie as 'n verrassing gekom nie.

Toe die lede van die Raad aangekondig is, het hy die Minister dus in 'n koerantbrief gelukgewens, en voorstelle aan die hand gedoen in verband met hoe die wet verbeter kan word bv. in verband met toegang tot verbode publikasies deur wetenskaplikes, (vergelyk bv. die artikel in *Die Volksblad* (1963b)). Hierin dien hy ook diegene onder die beswaarmakers wat hom van verraad van die protessaak beskuldig het van antwoord:

Miskien kan daar onder ons, die beswaarmakers, ook 'n klein eksperiment in die 'onderskeiding van die geeste' deurgevoer word: elkeen kan in sy eie hart sy eie rede vir die beswaar ondersoek: was dit teenstand teen elke vorm van beheer oor lektuur, selfs die smerigste? Of teen beheer deur 'n raad wat dalk, nou of later, uit ondeskundiges kan bestaan? Of vrees vir 'n totalitêre gelykskaking van alle literatuur, soos in Rusland? Of watter ander motiewe daar nog kan wees . . . o.a. dié van 'n bietjie maklike publisiteit.

Toe dit later blyk dat sy openbaar-betuigde vertroue in die bevoegdheid van die Raad bevestig is deur die goeie besluite wat die Raad telkens geneem het (bv. om die eerste boek wat onder die wet aangekla is, *Lobola vir die lewe* (1962) van André Brink, nié te verbied nie), het hy hom by meer as een geleentheid gunstig oor die Publikasieraad uitgelaat en dit selfs by geleentheid teen oningeligte aanvalle verdedig.

Dié ondersteuning het tot 'n einde gekom tydens die voorsitterskap van Dekker se opvolger, mnr. Jannie Kruger. Dit was vir hom vernederend om telkens aansoek te moes doen ("soos by 'n mindere") om, met die oog op sy wetenskaplike werk, insae te kry in verbode publikasies. Die vrees wat hy in sy destydse gelukwensingsbrief uitgespreek het (1963b), het bewaarheid geword.

Wat dus met hierdie veranderde houding teenoor die staat en publikasiewetgewing op die spel was, is die volgende:

- (a) Toe die beginsels wat hy in 1947 "in abstracto" bespreek het, met die konkrete praktyk gekonfronteer is, het dit geblyk wat die knelpunte en tekortkominge daarvan was.

- (b) Hy moes sy woorde sluk dat 'n administratiewe liggaam nie oor die vermoë beskik om kundig met literatuur om te gaan nie.
- (c) Hy moes ook sy woorde sluk oor wat hy van letterkundiges met insig en van hul moontlike deelname aan publikasiebeheer gesê het.

In werklikheid het 'n mens egter nie hier met 'n totaal onvoorsiene of onverwagse frontverandering te doen gehad soos wat dit op die eerste gesig mag lyk nie. 'n Mens moet byvoorbeeld maar net let op die talle kwalifiserende woorde en frases in sy stukke voor 1963 waarin hy stelling teen publikasiebeheer ingeneem het. Net 'n paar voorbeelde, selfs in "Sensuur of pornografie?" (die kursiverings is van my): ". . . ons voel miskien dat, wanneer die twee pligte (dié van kuns en godsdiens F.I.J.v.R) in botsing kom, hulle noodwendig in 'n onvolmaakte wêreld moet bots . . ." (398); "dit moet duidelik wees dat dit *feitlik onmoontlik* is om literatuur *volkome* van pornografie te skei" (404). "Voor" en "na" sluit dus, óór kwalifikasies heen, by mekaar aan. Maar wesenlik het 'n mens hier te doen met iemand wat bereid was om te erken dat sy abstrak-bepaalde beginsel nie rekening gehou het met geregtigde weerbarstighede van die kant van die praktyk nie.

4.3 Pornografie en kuns

Ook in wat hy oor pornografie sê, vind 'n mens inkonsekwente elemente binne die raamwerk van sy betoog.

In die eerste plek lyk dit of hy onseker is oor wat pornografie se presiese verhouding tot die kuns is. In drie opeenvolgende paragrawe sê hy byvoorbeeld die volgende: dis "'n wanvorm van die kuns (wat) weinig gemeen (hoef) te hê met die kuns"; dis 'n "wanvorm van die kuns wat verderflik is"; dis "iets apart van die kuns" (402) 'n Paar paragrawe verder vat hy sy hele beredenering oor pornografie so saam: "Dit moet duidelik wees dat dit feitlik onmoontlik is om literatuur volkome van pornografie te skei" (404). Soms word dit dus half en half by die kuns gereken, soms nie.

In die tweede plek is sy siening van pornografie beperk. Vir hom is dit 'n geskrif wat op seksuele prikkeling gerig is of wat vir dié doel gebruik word (maar dan alleen deur geperverteerdes en impotentes). Pornografie is iets baie omvangrykers: dis die dehumanisering van menslike seksualiteit.

In die derde plek het hy hom misreken met die groeipotensialiteit van pornografie in die land. Wat hy oor waarskynlike keerkragte in die Suid-Afrikaanse gemeenskap gesê het (bv. 'n oerkrachtige Christelikheid, die nie-vatbaarheid van gesonde jongmense en kinders daarvoor, e.d.), laat die stuk vandag argaïes lyk – en daar is min dinge in Van Wyk Louw wat argaïes geraak het.

4.4 Affront vir Engels

Die ernstige kommer wat hy uitgespreek het dat veral die Afrikaanse letterkunde die meeste te vrees het van die instelling van sensuur, het

onbedoeld 'n affront vir die Suid-Afrikaanse Engelse letterkunde ingehou. Dit is hom dan ook van Engelse kant sterk kwalik geneem. Die implisiete gedagte was immers: as die Afrikaanse letterkunde (deur sensuur) vernietig sou word, dan het iets onherstelbaar in die wêreld verlore gegaan; as dit met die Suid-Afrikaanse Engelse letterkunde sou moes gebeur, sal 'n mens nie kan sê dat die Engelse letterkunde daarmee heen is nie: dit bestaan immers elders in die wêreld voort. In 'n oomblik van begryplike kommer oor 'n jong en klein letterkunde wat met uitwissing bedreig word, en wel deur sy eie mense, het hy nie rekening gehou met die gedagte dat "as menslikheid êrens sterf, menslikheid ook op alle ander plekke 'n bietjie sterf nie".

5 Wat is waar?

Ten spyte van al hierdie tekortkominge en al die vrae waartoe die stuk 'n mens opja, bly dit nog een van die belangrikste literêre dokumente wat oor die onderwerp van sensuur bestaan, plaaslik én elders. En die voortdink daaroor in die jare wat op die publikasie daarvan gevolg het, maar veral die bereidheid om hom oop te hou vir die moontlikheid van verandering van insig, laat 'n mens opnuut die treffende draagkrag van daardie woorde aan die einde van sy slotwerk, *Rondom eie werk*, besef: "Van myself kan ek eerlik sê: my enigste stryd, my lewe lank, was die vraag: 'Wat is wáár? Wat kan ek wéét, wat kan ek glo?' . . . En weet ek selfs nou dat die insig wat ek nou gekry het, die waarheid is?" (586).

Bibliografie

- Kannemeyer, J.C. 1983. *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur II*. Kaapstad: Academica.
- Louw, N.P. van Wyk. 1939. *Berigte te velde*. Kaapstad: Nasionale Pers.
- Louw, N.P. van Wyk. 1947. Sensuur of pornografie? *Standpunte* 2(4):10–21
- Louw, N.P. van Wyk. 1956. *Germanicus*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- Louw, N.P. van Wyk. 1963a. Meer as honderd S.A. skrywers maak beswaar. *Die Volksblad*, 26 April.
- Louw, N.P. van Wyk. 1963b. Ander rade, ander kwade. *Die Volksblad*, 26 Oktober
- Louw, N.P. van Wyk. 1964. *Windroos*. Verhale deur tien Sestigters. Inleiding deur N.P. van Wyk Louw. Johannesburg: A.P.B.
- Louw, N.P. van Wyk. 1981. *Versamelde gedigte*. Kaapstad: Tafelberg en Human en Rousseau.
- Louw, N.P. van Wyk. 1986(a). *Versamelde prosa I*. Kaapstad: Tafelberg.
- Louw, N.P. van Wyk. 1986(b). *Versamelde prosa II*. Kaapstad: Tafelberg.
- Van Rensburg, F.I.J. 1975. *Swewende ewewig*. Beskouings oor die werk van N.P. van Wyk Louw (II). Kaapstad: Tafelberg.

Randse Afrikaanse Universiteit